Reëls vir Rekordpoging

Die rekordpoging moet op 16 Januarie plaasvind

Registrasie vir ‘n rekordpoging moet geskied nie later as 10 dae voor 16 Januarie.

Die persone moet almal op een plek bymekaar kom (binne of buite)

Die deelnemers moet terselfdertyd, gesamentlik Rooibostee drink (warm of koud)

Dit moet ten minste 125ml Rooibostee per persoon wees.

Foto’s en Video moet asb beskikbaar gestel word aan die organiseerders van Rooibos Dag, vir plasing op sosiale media en webblad

Alle rekordpogings wat aan die vereistes voldoen, sal op sosiale media en die webtuiste gedeel word.

‘n Ouditeur/prokureur moet die aantal deelnemers skriftelik bevestig, asook die nakoming van vereistes vir rekordpoging

Uitslae, prokureursbrief, foto’s en videos van ‘n rekordpoging moet nie later as 18 Januarie om 12:00 elektronies ingedien word.

Die finale uitslae sal op 19 Januarie om 10:00 bekend gemaak word.

Die organiseerders is by magte om ‘n rekordpoging uitslag te verwerp indien nie by die reëls gehou is nie.

Die beslissing van die organiseerders is finaal en geen korrespondensie sal na afloop gevoer word nie.

Aanslae op die rekord sal gratis op die webblad gedeel word, asook op sosiale media. Stuur gerus jou rekordpoging info aan ons.